

# THEART OF RESEARCH



## Kondome help op meer maniere as wat ons dink

Inflammasie ná blootstelling aan semen word veroorsaak deur die getal MIV-teikenselle wat in die vagina akkumuleer en verhoog die risiko vir potensiële infeksie.

**Lyle Curry** is 'n PhD-student in Slymvliesimmunitet aan die Universiteit van Kaapstad.

**ORCID ID:**

<https://orcid.org/0000-0003-0963-0677>

**Further information:**

<https://www.frontiersin.org/articles/10.3389/fimmu.2018.02721/full> (Rametse, et al., 2018) Rametse, C.L., Adefuye, A.O., Olivier, A.J., Curry, L., Gamielien, H., Burgers, W.A., Lewis, D.A., Williamson, A.L., Katz, A.A., Passmore, J.A.S., 2018. Inflammatory Cytokine Profiles of Semen Influence Cytokine Responses of Cervicovaginal Epithelial Cells. *Front. Immunol.* 9, 2721. doi:10.3389/fimmu.2018.0272.

**M**IV kom uiters algemeen in Suid-Afrika voor, en tog bly mans traag om kondome te gebruik. Kondome is die beste voorkomingsmaatreël vir MIV en seksueel-oordraagbare infeksies (SOI's) en deur blootstelling aan semen te verminder, maak dit die MIV-risiko vir vroue kleiner.

Navorsers by die Universiteit van Kaapstad wil weet hoe semen die vaginale omgewing in die konteks van MIV-risiko raak. Blootstelling aan semen verhoog die getal immuunmolekules, genaamd sitokiene en chemokiene, in die vagina. Dit veroorsaak weer dat MIV-teikenselle akkumuleer. Dit lei tot inflammasie in die vagina. As daar meer MIV-teikenselle in die vagina is, beteken dit daar is 'n groter kans op MIV-infeksie. Wanneer ons al die faktore verstaan wat die risiko beïnvloed om MIV-op te doen, sal ons ingrepe kan ontwerp om benewens kondome te gebruik.

“Mans moet nou eers verstaan dat semen self kan veroorsaak dat vroue 'n verhoogde staat van inflammasie kan hê, wat 'n uitwerking op hulle risiko vir MIV-infeksie het,” sê Lyle Curry.

Beter seksuelegesondheidspraktyke – insluitend die gebruik van kondome – sal meer seksueel-oordraagbare infeksies voorkom.

*Die gebruik van kondome kan inflammasie voorkom wat die risiko vir MIV-infeksie verhoog.*



Presented in association with the Institute of Infectious Disease and Molecular Medicine, this programme forms part of #theArtOfResearch, an initiative of research communication specialists Jive Media Africa.

